# KERK EN SENDING.

*Lesing gehou voor die predikante-vergadering van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria, 23 Febr. '44.*

INLEIDING.

Die Christendom is sedert die oomblik van sy geboorte 'n religie gewees, waarvan ons die wesenskenmerk kan aandui met die woord: getuig, getuig van die innerlike rykdom en barmhartigheid, wat ontvang is deur geloof in Jesus Christus.

As Jesus buite die aardse gesigskring verdwyn, stuur Hy met goddelike volmag sy vroeëre dissipels as heraute en apostels die wêreld in. Sy laaste woorde bevat 'n wyding en 'n opdrag, 'n toerusting en 'n bevel: „Julle sal krag ontvang, wanneer die Heilige Gees oor julle kom," en „julle sal my getuie wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde." (Hand. 1:8.)

En omdat die Christendom 'n religie is wat wil en moet getuig, is dit 'n profetiese religie. En van profetiese religie kan ons spreek, wanneer 'n mens, aangegryp en innerlik geknee deur 'n onweerstaanbaar goddelike werklikheid, hom onweerstaanbaar verpligtend gedrewe voel om daarvan getuienis te gee in die vorm van 'n noodkreet aangaande 'n wêreldomvattende oordeel, of 'n juigkreet aangaande 'n wêreldomvattende verlossing en hoop.

[25]) Min. Felix Oct. 25.

Profetiese religie leef en beweeg in die sfeer van: God spreek. Hoe kan ek swyg? Sy is 'n diep—nugtere Godbesetenheid! En in die Christendom gaan dit volgens Albert Schweitzer—hierom, dat die wil van God die menslike wil met transformerende en vernuwende krag aangryp.

Die openbaring en heerskappy van Gods wil, dié demonstreer die profetiese karakter van die Christendom, soos Pls. in Ef. 1:9 sê: „God wat aan ons die verborgenheid van sy wil bekendgemaak het na sy welbehae wat Hy by Homself voorgeneem het. „En effens verder: „ooreenkomstig die voorneme van Hom, wat alles werk volgens die raad van Sy wil." (vs. 11).

Die misterie van Gods wil, nie die geheimenis van Gods wese nie, word geopenbaar in die Christelike geloof. (Dit ter maskering van die onderskeid tussen die verskillende religieë, wat die eeue deur gesoek het en nog soek na die wese van God).

'n Relegie wat getuig, is agressief, is strydbaar. En as sodanig doen die Christelike Kerk en daarmee die Christendom sy intrede in die Grieks-Romeinse lande en volkekompleks rondom die Middellandse see. „Christus is die Heer." Dit is die getuienis van die martus maar die Griekse woord martus beteken meer as net getuie, dit beteken ook martelaar. En hierdie woord martus is tiperend vir die karakter van die apostolies-Christelike Kerk.

Omdat hy 'n strydende Kerk was, nie uit heerssug of magswil nie, maar omdat hy „die dwaasheid van God" (soos Pls. sê) in die wêreld moes verteenwoordig en verkondig, daarom word hy noodsaaklikerwys ook 'n lydende Kerk. En hy het dit drie eeue lank gebly.

Die resultaat van die agressiewe karakter van die Christelike Kerk of, soos professor De Zwaan dit noem, van „die imperialisme van die oud-christelike gees," was dan ook nie 'n strydkreet soos byvoorbeeld die „sjahada" van die Islam eintlik is nie, nee, die apostoliese getuienis in die Cristelike gemeente wou wees 'n *heenwys* na die wêreld van die verborge wysheid van God, dit wou *uitnooi* tot die deelgenootskap in 'n ongekende wonder van barmhartigheid en lewensgemeenskap.

Behalwe dat die Christendom dus 'n profetiese godsdiens is kragtens sy hegte historiese en innerlike verbondenheid met die profete van Israel en kragtens sy getuiende karakter, is hy tog meer as dit.

Dit is allereers 'n strydende en lydende getuienis en getuiegemeenskap, geskaar om sy onsigbare Hoof en Middelpunt, Jesus Christus.

GETUIG, VERKONDIG. Behalwe in Jerusalem en Samaria, ook tot die uiterste van die aarde, m.a.w. sending is wesenskenmerk van die oud-christelike kerk. Dit behoort eweseer tot die Christendom as asemhaling of bloedsomloop tot die lewe.

Verkondiging en getuienis, uitnooi tot bekering en wedergeboorte, dit is, Nieu-testamenties gesien, sowel die uitvoering van die opdrag van die Hoof en Heer van die Kerk asook 'n deurtrek van die beweging van God na die mens toe, soos die in sy openbaringswil tot uiting kom.

Professor Kraemer spreek by sy onderskeiding tussen die groot godsdienste van die mensheid van ontologiese en voluntaristiese godsdienste. In die ontologiese godsdienste wentel alles om „het zijn Gods," „het zijn van den mensch," en die ontologiese of metafisiese verhouding van hierdie beide, in die voluntaristiese godsdienste wentel alles om die wil van God, die wil van die mens, en die sedelik-religieuse verhouding van hierdie beide.

'n Kenmerkende trek van die ontologiese godsdienste is dat dit die hoogste verlossende waarheid behandel as 'n ywerig te hoede geheim, 'n misterie wat heilig gehou moet word, 'n besit wat nie prys gegee en nie geopenbaar mag word nie.

En verberging van die geheim, dit omring met die fascinerende huiwer van die ongenaakbaarheid, dit is die daarby behorende lewenshouding. In wese is ontologiese religie, trots die honger na „het absolute zijn", anthropocentries. Die mens wil homself verwerklik in eensame triomf.

Die voluntaristiese religie daarteen erken „het zijn Gods" as ontoeganklike en aanbiddelike Lig en ontoeganklike en aanbiddelike Donkerheid tewens, geheel staande buite die menslike greep. Sy is geinteresseerd in God, en wel in Sy openbarende beweging na die wêreld toe.

In die Christendom is hierdie trek voorbeeldeloos sterk aanwesig. Dit is gebaseer op die vrywillige goddelike selfopenbaring, die uit heilige liefdewil gebore heilsbeweging na die in eie grootheid en ellende vergaande mens toe.

En die geheim verkondig is hier 'n lewensnoodsaaklikheid, dit is die menslike pendant en tegelyk die menslike deurtrek van die beweging van die goddelike selfopenbaring. Die geheim verkondig m.a.w. ook sending is die wesenskenmerk van die voluntaristiese godsdiens soos die christendom is.

Tot sover Kraemer in sy boek: „De ontmoeting van het christendom en die wereldgodsdiensten." Ons haal nog 'n sitaat aan uit 'n ander publikasie van hierdie selfde skrywer. Nadat hy 'n antwoord gegee het op verskillende vrae wat sending wel en wat sending nie is nie, vat hy tenslotte sy betoog saam in die volgende: Sending is die beliggaming van die dissipel-wees en apostel-wees van Jesus Christus in een. Sending is wil besit tot getuienis, en 'n uiting van die *feit,* nie maar oortuiging nie dat die Christelike gemeente, dat die Christelike Kerk, dat die christen as wesenlik en kenmerkende trek dit

het: die gevoel van verantwoordelikheid vir die getuienis van Christus in die wêreld. Met opset word hierdie woord *feit* gebruik, ook al sou b.v. „oortuiging" gebruik kon gewees het. Die woord „feit" is egter verkiesliker, omdat dit beter uitdruk dat *verantwoordelikheid vir die getuienis aangaande Jesus Christus* 'n *gegewe* kenmerk van die Christelike Kerk is.

Hierdie verantwoordelikheid vir die getuienis is nie afhanklik van die wil of die oortuiging van die Christelike Kerk nie. Nee, dit is inherent daaraan verbonde. By sy geboorte is dit deur God daarop gelê. Hierdie verantwoordelikheid vir die getuienis is die eintlike en belangrikste rede vir die bestaan van die Christelike Kerk. Dit is die voortsetting van die werk. wat God deur die „sending" van Christus begin het. Daarom is die wil tot getuienis en die oortuiging dat sending 'n wesenlike en kenmerkende trek van die Christelike Kerk is, dan ook nie die grond van die sending nie, maar hulle is 'n uitdrukking van trou aan die deur God aan die Christelike Kerk en aan die Christene opgelegde verantwoordelikheid vir die getuienis aangaande Jesus Christus. M.a.w. Kerk is sending en hoe minder 'n kerk sending beoefen, hoe verder hy verwyder is van die ideaal om die liggaam van Christus te wees.

Die trou en gehoorsaam wees aan hierdie verantwoordelikheid word gevoed en deurgloei deur die *liefde* en *dankbaarheid* wat Jesus Christus, die Hoëpriester, die opperste Leidsman en Voleinder van die geloof, die Goeie Herder, wat Sy lewe vir die skape gee, wek in die harte van almal wat in Hom glo.

Hierdie trou en gehoorsaam wees aan hierdie verantwoordelikheid word eweneens gevoed en deurgloei *deur liefde en ontferming* jeens die *wêreld* en die *naaste,* wat gewek is deur Hom, wat „met innerlike ontferming bewoë was oor die skare" en wat ons op geheel nuwe wyse laat verstaan het dat ons ons broer se wagter is.

Hierde trou en hierdie gehoorsaamheid, hierdie tweevoudige liefde, is die fonteine waaruit alle waaragtige sendingliefde en Sendingaktiwiteit opwel. Kort gesê: Sending is: heel gewoon en elementêr Christen wees; en dit dan nog op 'n baie gebrekkige manier, omdat alles wat ons mense is en doen so uiters gebrekkig is.

Hierdie prinsipiële karaktertrek van die ou-Christelike Kerk het 'n geleerde soos Prof. A. M. Brouwer daartoe gebring om in sy boek „Paulus de Apostel" 'n kommentaar te gee op die briewe aan die Thessolonisense, geheel geskryf vanuit die sendingoogpunt. Hy laat in daardie boek sien hoe feitlik Paulus se hele werk sendingwerk was: en hierdie selfde karaktertrek, vervat ook in die gebod van Jesus Christus: Preek my Evangelie aan alle kreature, aan al die nasies, lê aan wyle Dr. H. C. M. Fourie hierdie woorde in die pen:

„Aan die uitdruklike bevel van ons Heiland moet ons gehoorsaam wees. Of dit 'n sukses sal wees of nie, of dit ons aangenaam is of nie, dit maak geen saak nie, die gebod van Christus is daar en ons moet blindelings gehoorsaam en die gevolge aan Hom oorlaat." Aldus Dr. Fourie in sy artikel: „Ons houding teenoor die naturel."

Nadat ons in hierdie inleidende gedeelte die beginsels aangaande die Kerk en Sending fundamenteel gestel het, wil ons nou oorgaan tot *'n Historiese oriëntering* in sake beoefening van sending.

In Hand. 13 lees ons dat Barnabas en Paulus deur die gemeente van Antiochië na die heidene gestuur word om hulle die evangelie te verkondig.

Hieruit blyk dat toe reeds sendingwerk 'n saak was van die gemeente. Ons kan egter uit Pls. se briewe opmerk dat 'n gemeente, wat uitstuur, ook die hulp en bystand daartoe van ander gemeentes ontvang .

By sy terugkoms het Pls. by sy gemeentes ook weer verslag uitgebring van sy werk. Dit was steeds Pls. se gewoonte om spoedig gemeentes te stig, deurgaans in die sentra van die maatskaplike lewe, terwyl dan die pasgestigte gemeentes self weer soos 'n suurdeeg gewerk het t.o.v. hulle omgewing. So was die eeu van die apostels die eeu van die grondlegging van die Christelike Kerk, die eeu van die sending.

In die na-apostoliese tyd tref ons ook nog beroepsendelinge aan, wat as „apostels" of „evangeliste" hulle uitsluitend aan die sendingwerk gewy het. Tog was dit toe meer indiwiduele sending, die kerk self was tot die end van die 2e eeu arm aan sendingsondernemings. Sulke ondernemings was toe ook baie bemoeilik weens vervolginge.

Met die bekering van keiser Konstantyn het daar 'n groot kentering gekom. Die Christelike kerk word nou staatskerk en ons kry volkskerstening. Hele massas heidene dring hulle van nou af in die kerk in.

In die volgende drie eeue is die kerk in hewige godsdienstwiste gewikkel, en is daar van planmatige kerklike sending geen sprake meer nie. Die kerk het ook in groot mate 'n politieke liggaam geword, en die staat is feitlik 'n kerkstaat.

Veral in die Middeleeue word die evangelieprediking met die krygswapen verbind. En die kerstening van vele volke gaan dikwels gepaard met oorweldiging en onderdrukking. Deur die opneming van volksmassas in die kerk, het die kerk self verslap; daarom was die gemeente nie langer draer van die sending nie. Tog is die suiwere lig nie heeltemal gedoof nie. Naas die staatskerklike keiserlike sending, het daar tog ook nog meermale vrome persone opgestaan, wat sonder kerklike of keiserlike outorisasie uitgegaan het.

In hierdie tyd dat die kerk veral 'n wêreldlike mag geword het, het die kloosters geleidelik die sendingsorgane geword.

Die monnike-ordes word begunstig deur die pouse, en die monnike word die verbreiders van die christendom. Die roomse sending bereik 'n hoogtepunt in die arbeid van die Jesuïte.

Hierdie sending word in 1622 georganiseer in die Congregatio de propaganda Fide deur die pous Gregorius XV. Die sendeling kry nou die status van gedelegeerde van die pous.

In die oortuiging van: extra ecclesiam nulla salus—word getrag om nie alleen die heidene nie maar ook die protestante binne die kerk te kry.

Die kerstening geskied hierby meer deur uitwendige lok- en dwangmiddels as deur oortuiging.

Die reformatore het oor die algemeen nog geen groot aandag aan die bekering van heidenvolke geskenk nie, deels omdat hulle aandag te veel in beslag geneem was deur die groot godsdienstige vraagstukke van hulle tyd, deels ook omdat deur die gemis van koloniale besittings deur die protestantse volke hierdie probleem nog nie genoeg binne hulle geestelike gesigskring gekom het nie.

Wanneer dit verander, soos in die geval van Holland, sien ons ook hier meer belangstelling rys, soos o.a. blyk uit die verhandelinge oor die sending van verskillende Hollandse teoloë, onder wie veral Gisbertus Voetius in sy Politica Ecclesiastica.

Dit duur egter tot die koms van die Piëtisme en Metodisme, voor die protestantse christenheid tot dieper sendingsbesef ontwaak. Veral onder invloed van hierdie geestelike stromings het daar aan die einde van die 18e en die begin van die 19e eeu 'n nuwe drang tot sendingwerksaamheid ontstaan.

Hierdie nuwe sending was egter nie in kerklike bane gelei nie, maar het die vorm aangeneem van „vrye sendinggenootskappe,'. Dat dit so is, is begryplikerwys te danke aan die feit dat genoemde bewegings 'n nie-uitgesproke kerklike karakter gedra het nie.

So word in 1792 die Londense sendinggenootskap opgerig, wat die stoot gegee het o.a. tot oprigting van die Zuid-Afrikaansche Zendelinggenootskap in 1799.

In Duitsland kry ons in 1825 die stigting van die Rheinische Mission en die Berliner Mission Gesellschaft.

In Switserland die Basler-Mission. In Nederland in 1797 die Nederlandsche Zendinggenootschap.

En so ontstaan daar in amper alle Europese lande met protestantse bevolkings of bevolkingsgroepe sendingverenigings. Dis oorwegend aan die werksaamhede van hierdie verskillende sendinggenootskappe te danke, dat in die 19e eeu die christendom deurgedring het tot hiertoe ongekerstende volke.

Dis waar dat die kerklike onbepaaldheid en gebrek aan konfessionele belyndheid karaktertrekke was van die meeste genootskap-

pe, maar dit mag ons nie blind maak vir die ontelbare seëninge wat deur middel van hierdie liggame ontvang is nie.

In die loop van die 19e eeu en in die begin van die 20e eeu sien ons egter dat ook die kerke meer sendingbewus word. So dryf die Geref. kerke in Nederland reeds vele jare 'n bewus-kerklike sending En ook die Nederlands Hervormde kerk vertoon ondanks sy belangrike aantal vir sending weinig simpatie gevoelende vrysinnige lede 'n steeds sterker besef van sy plig tot kerklike sending.

Dis merkwaardig en verblydend tewens dat in Suid-Afrika reeds vroeg in die 19e eeu die Kerk hom vir sending begin interesseer en beywer het.

Sinds 1824 word daar gereeld op die sinodale vergaderings in sake sending beraadslaag en besluit. Ook in die Geref. Kerke in Suid-Afrika het sedert 1863 die sending gereeld op hulle sinodes ter sprake gekom.

Die *huidige* sendingaktiwiteite van ons twee susterkerke in hierdie land mag ek as bekend veronderstel.

Ook ons Ned. Herv. Kerk het op sommige van sy algemene kerkvergaderinge (o.a. die van 1916 en ook later) die sending tot onderwerp van die bespreking gemaak. Sover my bekend is, het ons kerk as kerk egter nooit daadwerklik positiewe stappe in hierdie opsig gedoen nie.

Wanneer ons nou ten slotte die huidige konstellasie van die verskillende protestantse kerke in die wêreld nagaan, dan kan ons opmerk dat in byna alle Christus-belydende kerke in die wêreld 'n meer of minder sterkte sendingbewus en sendingliefde bestaan en 'n meer of minder grote sendingaktiwiteit aan die dag tree. Selfs kan die bewonderenswaardige feit gekonstateer word, dat in die Oosterse wêreld by die jong christelike kerke, wat nog maar een of twee geslagte oud is, 'n diep besef tot beoefening van sending waarneembaar is, en hulle selfs reeds „sendende" kerke geword het.

Hiermee het die christelike kerk in die meeste van sy denomisasies sy wesenskenmerk van getuie-gemeenskap, soos in ons inleiding uiteengesit weer teruggevind, of hom opnuut en sterker daarvan bewus geword.

VERKENNING VAN EIE TERREIN.

Uit wat tot dusver betoog is, sal mens kan aflei dat ons Hervormde Kerk, bewus of onbewus, opsetlik of as gevolg van sekere omstandighede tekort skiet in sy roeping.

Ons kerk beantwoord, nie in voldoende mate altans, aan sy wesenskenmerk as kerk nie. Verskillende oorsake is hiervoor aanwysbaar. Deurdat in die verlede die in ons land werkende sendinggenootskappe dikwels 'n verkeerde beleid gevolg het, en selfs somtyds in diens gestaan het van 'n imperialistiese wêreldpolitiek, wat die

bestaan van ons volk en sy blanke beskawing bedreig en ondermyn het, het daar in die loop van die jare by vele lede van ons volk en veral van ons kerk 'n afkeer ontstaan teen die sending in die algemeen.

Hierdie betreurenswaardige ontwikkeling is in die geskiedenis van ons volk gewortel en hoe begryplik dit is, word deur die ons welbekende Prof. Dr. P. J. Muller in 'n artikel oor: „Zending en Politiek" in „Stemmen voor Waarheid in Vrede" Sept. 1912, duidelik uiteengesit.

Dit was sy doel in daardie artikel, soos hy sê, om aan te toon watter bron van ellende die samekoppeling van politiek en sending teweeggebring het, in die besonder in Suid-Afrika, en hoe deur die verkeerde optrede van sendelinge die sendinggees, na ons hoop slegs vir 'n tyd, uitgeblus kan word.

Hierdie tussenvoeging „na ons hoop slegs tydelik" is veelbetekenend. Dit sou verkeerd wees om ons blind te staar op die verlede en daardeur ook blind te wees vir die toekoms.

Die afkerige houding t.o.v. die sending is op grond van ons volkverlede verstaanbaar, maar dis nie geregverdig om in hierdie houding sonder meer te volhard nie.

'n Ander oorsaak vir die ontbreek van sending deur ons Kerk kan gesoek word in die besef wat by vele heers, dat ons as kerk vir hierdie werk nog nie gereed is nie. Daar is nog te veel ander probleme wat ons aandag en kragte opeis.

Nou is dit waar dat ons as kerk in meer as een opsig nog ver van die deur ons begeerde ideaal verwyderd is. Maar is dit nodig om eers 'n eie christelike huis met alles klaar te wees, voordat begin word met die arbeid daar buite?

Wanneer ons in alle erns die „klaar wees" hier as voorwaarde stel vir uitgaan na ginds toe, dan stel ons feitlik wat kan genoem word die christelike-absurde.

Immers, sonder dat ons daarvan bewus is, gaan ons van die veronderstelling uit asof dit christelik gesproke, moontlik sou wees êrens „klaar" te kom na die maatstaf van die evangelie.

Die christen is tog iemand wat leer verstaan het dat die lewe ook in sy hoogste prestasies, alleen maar moontlik is op die basis van Gods vergewende genade, en so iemand sal nooit kan sê: Dit is klaar, dit is goed nie.

Die christen is nooit klaar nie, hy kan nooit klaar wees nie; hy is nooit tevrede nie, hy kan nooit tevrede wees nie. Hoe „heiliger" hy word, hoe „onheiliger" voel hy hom. Hy wat die „klaar wees, regwees" as 'n moontlikheid stel, stel homself, miskien onbedoeld en ongewild, buite die sfeer van die evangelie en binne die sfeer van die wet, van die eie vermoë en van die fariseïsme.

Die argument van nog nie klaar-wees in eie huis en nog nie gereedwees vir die arbeid daarbuite berus dan ook op vertroebeling van die christelike blik.

Met die ontsenuwing van hierdie twee argumente meen ek dat die besware wat in christelike kringe teen sending bestaan voldoende weerlê is. Dit is m.i. onnodig om in te gaan op besware wat in nie-christelike kringe meermale geopper word, aangesien hulle meer besware is teen die christendom as sodanig as teen die sending.

## WAAROM SENDING.

Na die beligting van hierdie negatiewe deel kom ons nou tot die vraag: Waarom Sending?

Die primêre rede is, soos u reeds verneem het, die verantwoordelikheid vir en die goddelike opdrag tot die getuienis aangaande Jesus Christus, wat 'n wesenskenmerk is van die christelike kerk.

Maar daar is ook nog 'n tweede motief. En hierdie tweede motief het ontstaan uit die ontmoeting van Oos en Wes, wat daar in die laaste 150 tot 200 jaar plaasgevind het.

Die ontmoeting van Oos en Wes beteken dit, dat Europa as geestelike, ekonomiese en politieke mag in die Ooste deurgedring het en daar op die duur 'n enorme versteuring van die eeue-oue ewewig van wêrelddele en menserasse veroorsaak het.

'n Geestelike aardbewing, waarvan mens hom die omvang nie maklik kan voorstel nie, het Afrika en Asië geskud en sal hulle nog lank tot in die fondamente bly skud. Hierdie geestelike aardbewing het egter nie alleen verwoestend gewerk nie, maar ook 'n ontwaking teweeggebring onder die miljoene van Afrika en Asië.

Hierdie ontwaking, hierdie renaissance of emansipasie van die Ooste is die wel onbedoelde maar tog gewigtigste gevolg van die ontmoeting van Oos en Wes.

Van hierdie ontmoeting sê Prof. Kraemer, wat self 18 jaar van sy lewe in die Ooste deurgebring het: as ek my nie vergis nie, is hy nog slegs in sy eerste stadia; maar hy is daar, en hy sal in die volgende eeue hoogs waarskynlik van groter invloed wees op die wysiging van die beeld van die kragte en verhoudinge in die wêreld as selfs kommunistiese of fascistiese diktature (om maar enkele in die oog springgende kragte te noem).

Die Weste het ongewild 'n nuwe Ooste veroorsaak. Deur sy mag en invloed op te lê aan die Ooste, het hy die ou Ooste vernietig en ondermyn, maar tewens 'n nuwe Ooste wakker geroep. In feitlik alle Oosterse lande is 'n ontwaking, in sommige 'n reeds baie ver gevorderde. 'n Ontwaking bestaande in 'n vernietiging van ou waardes aan die een kant, en 'n heropbou aan die ander kant.

Wat van die ontwaking tussen Oos en Wes in die algemeen geld, geld van die ontmoeting tussen blank en swart in ons eie land in die besonder. Vandat die eerste blanke persoon voet op Afrika se bodem gesit het en vandat die eerste Voortrekker Natal en Transvaal bereik het, is daar inbreuk gemaak, ongewild maar nietemin onweerlegbaar, op 'n eeue-oue stamlewe en die daarmee innig verbonde godsdiens.

Nou was Afrika altyd die setel van 'n sgn. primitiewe godsdiens, 'n godsdiens wat alle universele besef mis en waarvan die geheel berus op 'n onverbreeklike samehang van die dooies en die lewendes, wat tesame die stam vorm. Vir die voortbestaan van 'n primitiewe godsdiens is noodsaaklik 'n toestand van betreklik grote geïsoleerdheid van die verskillende mensegroepe t.o.v. mekaar, en 'n nie minder grote stabiliteit en onveranderlikheid van verhoudinge.

Deur die vestiging van die blanke te midde van hierdie primitiewes, deur sy handel, sy verkeersweë, sy bestuursaktiwiteit, kortom, deur alles wat hy doen, is dit vergoed gedaan met hierdie geïsoleerdheid, hierdie stabiliteit en veranderlikheid. En daarmee is die onmisbare voorwaardes vir die voortbestaan van hierdie primitiewe stamlewe en godsdiens sonder pardon vernietig. Die lede van hierdie primitiewe stamme en die belyders van hierdie primitiewe godsdiens, in ons geval, die naturelle, het nooit 'n diepergaande en skrynender lewenskrisis deurgemaak as tans nie, dank sy ons Westerlinge.

Nou weet ons wel dat die naturel aan die koms van die blanke enersyds 'n groot lotsverbetering te danke het, maar andersyds ook veel nadele en wat meer is, sy ou lewenshuis is hom, sonder dat hy daarvoor gevra het, ontneem, en op hulle wat dit hom ontneem het, rus die morele, eenvoudig menslike plig om hom 'n nuwe lewenshuis te verskaf. Hierdie nuwe lewenshuis moet, so goed as sy oue, gebou wees op geestelike fondamente, en dit kan alleen geskied deur hom die seën van die evangelie deelagtig te laat word. En daarom kom ons tot hierdie belangrike konklusie: *Ons mag die boodskap van die evangelie nie aan die naturel onthou nie.* Ons moet ons wy aan die arbeid van die sending. Want die sending sal deur sy grote werk van evangelie-prediking en lewensherbou onder die primitiewe volke nie alleen aan die goddelike opdrag vir die christelike kerk voldoen nie, maar hy voldoen deur sy werk tewens aan die heel gewone sedelike eis, wat aan die blanke gestel word, nl. om waar 'n mens afbreek en vernietig ook die verantwoordelikheid vir die herstel op hom te neem.

Die blanke het nou met sy Westerse beskawing eenkeer binne die lewenskring van die naturel binnegedring met sy goed en sy kwaad, en ons sal ons nooit kan verontskuldig nie, wanneer ons die kosbaarste besit van die Westerse beskawing, nl. die evangelie, aan hom onthou.

Dit word algemeen erken dat die naturelle-probleem een van die grootste, so nie die grootste probleem van ons land is, maar ons is te veel geneigd om te vergeet dat hierdie probleem in sy huidige intensiteit eers ontstaan het, nie by die naturel nie, maar by die vestiging van die blanke te midde van die naturelle. Daarom rus op ons nie alleen die Christelike nie, maar ook die sedelike plig om hierdie probleem te probeer oplos. En m.i. sal sulke pogings alleen goed wees, wanneer hulle gedoen word in die krag en die lig van die evangelie.

Die metodes wat by hierdie pogings gevolg moet word en die wyse waarop vir die naturel die nuwe geestelike fondamente gelê moet word, vra bespreking in 'n ander lesing.

W. v. BERGEN.

## LITERATUUR


Dr. H. Kraemer. *Waarom Zending juist nú.* 's Gravenhage, 1936.

Dr. H. Kraemer. *Den strijd over Bali en de Zendlng.* Amsterdam. *godsdiensten.* 'n Gravenhage, 1926.

Dr. H. Kraemer. *Den strijd over Bali en de Zending.* Amsterdam. 1933.

Dr. A. C. Kruyt. *Van Heiden tot Christen.* Zendingsbureau, Oogstgeest.

Dr. A. M. Brouwer. *Paulus de Apostel.* Zutphen, 1933.

P. J. S. de Klerk. *Kerk en Sending in Suid-Afrika.* Amsterdam, 1923,

Dr. H. C. M. Fourie. *Ons houding teenoor die Naturel.* „Koers in die Krisis I" 1935.

Prof. Dr. P. J. Muller. *Zending en Politiek.* In stemmen voor Waarheid en Vrede" Sept. 1912

Verskillende artikels uit: Zendingstijdschrift. De Opwekker. Orgaan van die Ned. Ind. Zendingbond.


---

### BLADVULLING.

Dat de Ned. Hervormde Kerk in Transvaal, die de voortzetting is van de Kerk der Voortrekkers, thans nog niet veel op heeft met zending, is zeker te betreuren—maar allezins te verklaren door wat de vaderen van het tegenwoordige geslacht van die zendelingen geleden hebben. De politiek heeft al zoo veel bedorven in de wereld, en zoo het waar is, dat het bederf van het edelste altijd het ergste bederf is, dan moet vooral de *Politiek* verre blijven van de Zending.

PROF. DR. P. J. MULLER.

W-P 42852—29-6-44